

New Age: Herlewing van die 'old age'

LF Schulze, Potchefstroom

*The atheist believes that there are no gods;
the superstitious wishes there were none.*

Plutarchus

ABSTRACT

New Age: Revival of the 'old age'

Various aspects of the New Age Movement are introduced to the readers, who are mostly unfamiliar with these ideas. Initially some ways in which these ideas are transferred to us come into focus. Then the background of the movement – the theosophy of Helena Blavatsky – is uncovered. In the third place some basic doctrines of the New Age are discussed. The article concludes with a critical appraisal of the New Age Movement.

INLEIDING

Hierdie artikel wil nie "wolf, wolf!" skreeu nie. Die gevaar om dit te doen ten opsigte van 'n beweging soos die 'New Age', is beslis nie denkbeeldig nie. Dit is immers streng genome nie 'n 'beweging' nie, nog minder 'n vereniging waarby jy as lid kan aansluit. Dit is eerder 'n onsigbare lewensopvatting wat ons huise ongemerk inkom. Juis dit kan 'n mens in die versoeking bring om 'n heksejagtery op tou te sit en die 'vyand' agter elke deur te soek. In hierdie artikel word gepoog om die nodige nugterheid te behou.

Aan die ander kant bestaan die gevaar dat opvattinge en denkwyses van 'New Age'-oorsprong reeds ons huise binnegedring het sonder dat ons dit weet. Hierdie gevaar is myns insiens veel groter as die eersgenoemde. Een van die studente van die Potchefstroomse Teologiese Skool wat baie beter as ek in hierdie stroming ingewerk is, het verlede jaar die susters van Noordbrug oor die 'New Age' toegespreek. Dit was vir feitlik almal wat teenwoordig was 'n openbaring om met die 'New Age' waarvan hulle nog nooit gehoor het nie kennis te maak. Die indruk dat die denkbilde van die 'New Age' by die meeste Gereformeerdes onbekend is, is versterk deur gesprekke met vriende en bekendes. Dit is uit hierdie 'nood van die tyd' dat hierdie artikel gebore is.

Hier word slegs op enkele aspekte van die 'New Age' gekonsentreer. Eers word 'n aantal kanale genoem waardeur die beweging se denkbilde vir ons ingegee word. Dit word gevolg deur 'n kort historiese agtergrond waarteen die 'New Age' gesien moet word. Daarna volg 'n kort (en onvermydelik onvolledige) weergawe van enkele belangrike denkbilde. Ten slotte kom 'n kort kritiese oorsig aan die beurt.

Vooraf is 'n kort tipering van die stroming nodig. Die term 'New Age' is alleen verstaanbaar teen sy astrologiese agtergrond. Die afgelope 2 000 jaar het die aarde onder die sterrebeeld van die vis (*piscis*) gestaan. Aangesien die vis ook 'n simbool van Christus en die Christendom

is, dui hierdie periode volgens die voorstanders van die 'New Age' die (uitlopende) tyd van die Christendom aan. Volgens hulle was dit 'n tyd van stryd en verdeeldheid, van oorlog en vervolging, van rasionalisme en materialisme. Nou gaan die aarde egter die sterrebeeld van die waterdraer (Akwarius) binnê. Dit sal, so word beweer, 'n tyd van vrede en voorspoed wees; 'n tyd van ongekeerde harmonie en vooruitgang. Die tyd van verdeeldheid in al sy vorme – rusie tussen enkelinge, wed-ywering tussen groepe, stryd tussen politieke en ander partye, oorlog tussen nasies, antipatie tussen rasse, die mens se vereensaming en sy vervreemding van die natuur en van God – is iets van die verlede. In die tyd van Akwarius sal daar harmonie wees – harmonie tussen mens en mens, tussen groep en groep, volk en volk en ras en ras. Die verskille van die verlede sal in 'n wêreldbroederskap onder een wêreldregering opgelos word.

In die opskrif van die artikel word gestel dat hierdie moderne stroming 'n herlewing van die 'old age' behels. Dit moet in 'n dubbele betekenis verstaan word. Teologies gesien, het die 'New Age' niks te doen met die "nuwe eeu" waarvan die Bybel praat nie, maar is dit 'n herlewing van die blindheid en bygeloof van "hierdie eeu", die ou bedeling soos die Skrif dit teken. Histories gesien, gryp die 'New Age' terug op die heidendom wat reeds in voor-Christelike tye in swang was: die Oosterse mistieke godsdienste en die Gnostiek.

1. DIE TONEEL

1.1 In Junie het ek 'n boekie (Holmes, 1988) vergesel van 'n begeleidende brief ontvang waarin onder andere die volgende (korrek aangehaal!) voorkom:

Ons leef in 'n tyd wanneer ons horisonne al hoe verder uitgeskuif word, maar ook terselfdertyd, tesame met wyer en breër insigte, kom die besef ook al hoe sterker dat daar 'n saamhorigheid en onafskeibare eenheid in die lewe is. Mens, dier, plant en mineraal kan nie meer as aparte komponente gesien word nie – as manifestasies wat nie mekaar beïnvloed nie. Die Eenheid van God kan nie meer langer ignoreer word nie. Dit is juis die minagting en verontagsaming van die Eenheid van God wat die 'sonde' is, of waardeur daar teen God gesondig word.

Die gebrek aan die besef en beleefnis van die Een God of die Een Gees (want God is Gees) is ooglopend die basiese oorsaak van die gebrek aan harmonie en liefde in ons wêreld.

Saam met die brief en die boekie is nog drie bladsye met die titel: "Die storie van die slapende siele (soos vertel aan die kinders van Orion)" gestuur. Hierin word die "sondeval" geteken. Dit het ontstaan, so word gesê, as gevolg van die optrede van een van die groot engele wat hom begin verbeel het dat hy "groter en magtiger as die Skepper is" (anon., 1988: 1). Gevolglik het hy op 'n baie subtiele manier die lig-vibrasies van die aarde begin versteur – 'n proses wat oor 'n geweldige lang tydperk voortgeduur het.

Die gevolg hiervan was die ontstaan van die stoflike wêreld. Omdat dit redelik breedvoerig geteken word, ons van die terme wat gebruik word, moet kennis neem en die hoofletters hulle eie taal praat, word ook 'n deel van hierdie dokument vervolgens aangehaal:

Die mensesiele, asook al die ander siele van die ander lewensvorms, het al hoe laer begin vibreer, en namate die frekwensies gedaal het, het hul al hoe digter vorms begin aanneem, sodat nuwe aspekte van die Lig vorm gevat het. Uiteindelik het die digte fisiese wêreld ontstaan met digte fisiese liggame vir al die mense, diere, voels, visse, plante en minerale. Die fisiese oë kon niks anders behalwe die uiterlike fisiese liggame en vorms van alles waarneem nie. Die fisiese ore kon niks anders hoor behalwe die geluide wat van buite kom nie. En so het die fisiese wêreld die enigste werklikheid geword vir die bewoners van die Aarde. Hierdie afsluit van die gees en die geestelike wêreld, was die einde van wat genoem is die Paradys op Aarde (anon., 1988: 1-2).

In die boekie self word hierdie gedagtegang voortgesit. In die hoofstuk "God is Lig" staan 1 Johannes 1 : 5 voorop: "En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het, en aan julle verkondig: GOD IS LIG." Dan vervolg die outeur – let weer op die terme, hoofletters en ook op die Skrifvertolking – en sê:

Die stelling dat God Lig is, is die letterlike WAARHEID. Deur die Lig, wat ook die Kennis genoem word, vind die openbaring van die Lewe plaas.

Hierdie aspek van die Drie-Enige God is die basiese stof of energie van alles in die skepping. Alles wat gemanifesteer is, is lig in verskillende vibrasies of frekwensies.

Hierdie Lig is die kernstof waaruit die Skeppende Christus-Energie vorms voortbring en dan as deel van die vorms, in die vorms, die vorms in manifestasie hou. Wanneer die strukture en vorms geen verdere doel meer in die Godsplan vervul nie, word hulle vernietig, en word hulle vervang met nuwe strukture wat 'n groter geestesuitlewering moontlik maak, en wat 'n herinstelling van die Godswil bewerkstellig.

Die Heilige Lig vloei deur en is die basis van al die hemele in die skepping. Die Lig op die aardse vlak vibreer stadig, en is dof in vergelyking met die Lig op die hoër vlakke of hemele, wat ook die baie wonings in die Vader se huis is waarvan Jesus gepraat het (Holmes, 1988: 19).

Ons kan dus van die aankondiging van die nuwe era reeds in ons moedertaal kennis neem!

1.2 In Hillbrow is die Aquarian Bookshop, waar 'n massa 'New Age' literatuur beskikbaar is. Daar kan onder andere ook 'n vertaling van die Nuwe Testament (in Engels) gevind word wat sterk op die gnostiese Thomas-evangelie leun.

1.3 In ons boekwinkels kan die tydskrif *Odyssey* gekoop word. Dit tipeer homself op die buiteblad as "an adventure in more conscious living". Hoewel dit hom natuurlik nie so aandien nie, is dit 'n blad wat ten volle die 'New Age' bekendstel. Die kopieregwet verhinder om daaruit aan te haal. Verskillende fasette van die lewe, soos gesondheid en ekologie word hierin bespreek. Bestee 'n paar rand en koop 'n eksemplaar by een van die groot boekwinkels wat landwyd takke het. Neem kennis van die inhoud en beslis ook van die advertensies. Die "more conscious living" sien op die verskynsel van bewussynsverruiming, waarna die psigoloog, William James, in sy boek *The varieties of religious experience* verwys: "Our normal waking consciousness, rational consciousness as we call it, is but one special type of consciousness, whilst all about it, parted from it by the filmiest of screens, there lie potential forms of consciousness entirely different." (Aangehaal deur Capra, 1979: 30.)

1.4 In *You* was daar aan die begin van 1989 – miskien nou nog – ’n strokiesprent vir kinders met die titel “Masters of the Universe”. Die opskrif en die inhoud daarvan is suiwer ‘New Age’. Christus is volgens hulle een van die ‘Meesters’ wat op aarde verskyn het om die mensdom vooruit te help.

1.5 Bogenoemde is maar enkele besonderhede waarop die aandag gevestig word. Dit is egter ’n onbegonne taak om die hele toneel in besonderhede te beskryf. Globaal gesien, word die gedagtes en ideale van die ‘New Age’ aan ons oorgedra deur populêre kanale: films, tydskrifartikels en blitsverkopers (vgl. Hexham en Poewe, 1986:28-39); deur wetenskaplike werke en die propagering van die ‘sisteembenadering’ in die wetenskapsteorie (Burger, 1987:4); deur die sogenaamde holistiese of alternatiewe Geneeskunde (Pfeifer, 1988; Livesey, 1988) en deur sommige groepe wat hulle met natuurbewaring besig hou (Livesey, 1986:28). Die ideale van die stroming word bevorder deur talle organisasies, waaronder die Verenigde Volke, die Wêreldraad van Kerke, Amnestie Internasionaal, die Klub van Rome, die Council on Foreign Relations en die Vrymesse-laars (Livesey, 1986, passim). Volgens Cumbey is daar slegs in die VSA en Kanada reeds meer as tien duisend ‘New Age’-organisasies (Burger, 1987:6).

1.6 Die toneel as geheel word goed geteken in ’n artikel in *Inter Nos* wat deur *Die Kerkblad* van 13 Julie 1988 oorgeneem is:

Die uitdrukking ‘New Age’ is ’n versamelnaam vir bewegings, groepe en organisasies wat nie noodwendig met mekaar in noue verband staan nie en ook nie almal goed georganiseer is nie. Wat hulle wel in gemeen het, is dat hulle min of meer dieselfde dink oor die sg. ‘Nuwe Tydperk’
Omdat die ‘New Age’-denke die klem laat val op die groot geheel, het dit met al die aspekte van die lewe te make (anon., 1988:38).

Wat hierbo aangehaal is, word deur Marilyn Ferguson, een van die bekende eksponente van die ‘New Age’, bevestig:

Just as a bureaucracy is less than the sum of its parts, a network is many times greater than the sum of its parts. This is a source of power never before tapped in history: multiple self-sufficient social movements linked for a whole array of goals whose accomplishment would transform every aspect of contemporary life (aangehaal deur Burger, 1987:6).

Hierdie globale oorsig word ten slotte met die woorde van Constance Cumbey afgesluit:

Carefully structured along the lines set forth in the Alice Bailey writings, it includes organizations teaching mind control, holistic health, esoteric philosophy; scientific workers, political workers; and organizations dedicated to peace and goodwill. It also includes many consumer, environmental and nutritional organizations as well as religious cults of every shade and description (aangehaal deur Burger, 1987:6).

2. DIE AGTERGROND

In die laaste aanhaling kom die naam van Alice Bailey voor. Sy is reeds deel van die agtergrond van die huidige toneel. Tog is sy net ’n faset van ’n breër agtergrond wat eers ter sprake moet kom.

2.1 Die Teosofie

2.1.1 Sy ontstaan en profiel

Die teosofie is sy teenswoordige gedaante is die breinkind van 'n merkwaardige vrou, Helena Blavatsky (1831 - 1891). Reeds as kind was sy onrustig en temperamentvol en het af en toe 'gesigte' gehad. Toe sy 17 jaar oud was, het Helena Hahn met generaal Blavatsky, 'n man van diep in die sestig jaar, getrou. Drie maande later het sy hom verlaat, maar haar getroude naam behou. Dit was die begin van haar omswerwinge waartydens sy ook in die onherbergsame Tibet gekom het. Daar het sy van die Mahatmas die ou Oosterse wysheid geleer. (Latere ondersoek het bevind dat sy nooit in Tibet was nie.) In 1875 bevind sy haar in die VSA, waar sy saam met W Q Judge en H S Olcott die Teosofiese Vereniging stig. In 1882 is die hoofkwartier na Indië verskuif.

In 1877 het haar eerste boek, *Isis unveiled*, verskyn. *The secret doctrine* sou elf jaar later volg. Hierin is die teosofiese leer uiteengesit. Die boeke bied niks oorspronklike nie, maar in werklikheid baie wat verwarrend is. Die bekende kenner van die Ooste, Max Müller, het bevind dat daar niks in haar boeke te vinde is wat nie ook in Boeddhistiese en Brahmaanse werke voorkom nie. Wat volgens hom wel in haar boeke opvallend is, is dat sy die gegewens vermeng het omdat sy blykbaar baie daarvan verkeerd verstaan het (Kok, 1956:660-661).

Wat Europa betref, is die teosofie na die dood van mev. Blavatsky kragtig deur 'n tweede merkwaardige vrou gepropageer: Annie Besant (1847 - 1933). Na 'n sesjarige huwelik met die Anglikaanse geestelike, Frank Besant, is hulle in 1873 uitmekaar. Nou volg jare van innerlike stryd. Sy draai haar rug op die kerk en word 'n ateis. Enkele jare later word sy sosialis en lid van die Fabian Society. 'n Derde keerpunt kom in 1889 as sy Helena Blavatsky ontmoet: sy word teosoof en 'n energieke kampvegter van die teosofie. Deur haar sterk leiding kom daar in 1895 'n breuk in die teosofiese geledere: die Teosofiese Vereniging met sy hoofkwartier in Adyar, werk in Europa en Indië, terwyl die Amerikaanse Teosofiese Genootskap onder leiding van Katherine Tingley in die VSA bedrywig is. In 1911 stig Annie Besant, onafhanklik van die Teosofiese Vereniging, die 'Orde van die opgaande Son' met die jong Indiër, Krishnamurti, aan die hoof. Reeds 'n jaar tevore het sy tot die oortuiging gekom dat hierdie jong man die nuwe inkarnasie van Christus is wat as wêreldleer die verlossing sal bewerk. Twee jaar later neem sy self leiding oor en verander die naam na die 'Orde van die Ster in die Ooste'. Die groep wat propaganda vir die orde maak, staan bekend as die 'Orde van die dienaars van die Ster'. Verder is die Rosekruisers en die Tafelronde aan hierdie orde verbonde (Los, 1940:113; Kok, 1956:577).

Die teosofie is duidelik op die Oosterse godsdienste gebou. Tog wil dit nie 'n Oosterse godsdienst wees nie maar 'n universele religie. Die teosofie is immers oortuig dat die waarheid in sy diep, esoteriese sin die grondslag van alle godsdienste vorm en deur hierdie gemeenskaplike oerelement aan te gryp, word alle godsdienste in die teosofie verenig. Die mistiek is die weg waarlangs hierdie diepe sin en grondslag van die religie (d.w.s. alle godsdienste) bereik word.

De moderne teosofie streeft naar een kennis van God en alle dingen, die niet verkregen wordt door waarneming en denken (filosofie) of door geloof in een bijzondere openbaring (theologie), maar door naar binnen te schouwen, langs het pad der intuïtie . . . De teosofie wil buiten de gewone zintuiglijke waarneming om door middel van onze fijnere, geestelike vermoëns direct doordringen tot de geestelike wereld en haar levensuitingen en van daaruit dan weer de materiele verskijnselen verklaren (Kok, 1961:359-360).

Die eerste statute van die Teosofiese Vereniging vermeld die volgende doelstellings: (a) om die geestelike intuïsie in die mens lewend te hou; (b) om elke vorm van bygeloof: onverdraagsame en dom dweepsug of geloof in wonders of iets bonatuurliks teen te staan; (c) om die gevoel van broederskap onder die volke te bevorder; (d) om kennis van die natuurwette te soek en veral die okkulte wetenskap te bestudeer (Kok, 1961:360).

Die teosofie wil nie net 'n universele godsdiens wees nie; dit pretendeer om ook 'n lewensomvattende godsdiens te wees; 'n omvattende lewens- en wêreldbeskouing. Dit skemer reeds deur in die aanhalings wat hierbo gegewe is. Dit word bo alle twyfel daardeur bevestig dat die teosofie 'n sintese van godsdiens en wetenskap wil wees. Daarom word die evolusionisme as integrale deel in die sisteem van die teosofie opgeneem.

2.1.2 *Sy leer*

Die mees kenmerkende leerstukke van die teosofie kom uit die Ooste: reïnkarnasie (transmigrasie), karma en nirwana. Hoe hierdie elemente saamhang, sal uit 'n kort oorsig oor die teosofiese leer duidelik word.

Die grondslag van alles is *Sat*. *Sat* beteken *Dit* en dit verwys na die Godheid, die onuitspreeklike Een, wat deur uitaseming wêreld laat ontstaan en deur inaseming hulle weer laat oplos. Die mens, wat deel van die groot wêreldproses is, moet na altyd hoër sferes opklim totdat die individuele bestaan ophou deur in die 'Beginsel', in *Dit*, op te los (*nirwana*). Die kwaad is noodsaaklik vir vooruitgang en evolusie. Die lewe van elke mens is die gevolg van 'n vorige lewe en dit bepaal op sy beurt weer hoe die volgende lewe sal wees (reïnkarnasie). Volgens die wet van *Karma* pluk die mens in die teenswoordige lewe die vrugte van die daad wat hy in 'n vorige bestaan gedoen het.

Elke mens het in sy diepste wese deel aan God. Daarom word God geken en bereik deur intuïtie na binne te kyk. Soos die gnostici onderskei die teosowe 'n laere en 'n hoër lewe in die mens. Hierdie twee is in stryd met mekaar. Die taak van die mens is om hom aan die laere lewe te ontworstel. Die laere lewe word *rupa* (vorm) genoem en bestaan uit vier liggames: die stoflike, die eteriese, die astrale en die verstandsliggaam. Die hoër lewe word *arupa* (vormloos) genoem en word in drie liggames onderskei. Die eerste hiervan (die teosowe noem dit die vyfde liggaam, want hulle tel die vorige vier laere liggames by) is die mens as gees (*manas*), wat na die dood bly voortbestaan en in 'n volgende lewe gereïnkarnear kan word. Die sesde is *buddhi* (geestelike siel), wat ryp is vir die saligheid in die hemelse sferes, maar wat nog individueel bestaan. Die sewende liggaam is *atma* (suiwer gees), wat 'n straal van die Absolute is. Dit is die lewe van die meesters, wat in die eenheid van die al opgaan (Kok, 1961:360; Los, 1940:118-122).

2.2 Alice Bailey

Oor hierdie derde (!) merkwaardige dame word hier afsonderlik iets gesê omdat sy eintlik as die skakel tussen die ouer teosofie en die huidige 'New Age' gesien kan word. Ook sy was ongelooflik aktief en het oor dertig jaar (1919 - 1949) nie minder nie as vyf en twintig boeke die lig laat sien. Merkwaardig van hierdie werke is die manier waarop hulle ontstaan het en die profetiese akkuraatheid waarmee die toekoms beplan word. Oor die ontstaan van die boeke sê Livesey: "Many are written diabolically and 'automatically', as dictated from the spiritual realm..." (1986:31). Die 'gees' onder wie se leiding sy geskryf het, het homself as 'Die Tibetaan' (*Djwal Khul*) aan haar voorgestel (Burger, 1987:3).

Een van haar werke is getitel *The externalisation of the Hierarchy*. Daarin betoog sy dat die publiek gaandeweg bewus gemaak moes word van die gedagte van 'n hierargie van wêreldleiers. In 1946 het haar volgende opdrag gekry om met hierdie propaganda te begin. "The idea was to be fostered amongst us that there are some so-called masters living in the flesh, and there follows the recognition that there would be one individual who has completed the evolutionary process. That individual would serve as head of the Hierarchy" (Livesey, 1988:145-146). Sy het ook gesê dat 1975 die jaar sal wees wanneer die koninkryk van God – wat nog altyd, maar onsigbaar, by ons was – openlik moet begin verkondig word. So het dit inderdaad gebeur. Is, om maar een voorbeeld te noem, die popliedjie oor die 'Age of Aquarius' nie juis reeds so 'n bietjie meer as 'n dekade met ons nie? Ook ander aspekte van die program vir die verspreiding van die moderne gedagte het sy in besonderhede beskryf.

Hiervan sê Cumbey: "Other things were to be taught to prepare the world of the 'New Age' and the 'New Age Christ' as well . . . New Age symbols such as the rainbow, Pegasus, the unicorn, the all-seeing-eye of freemasonry, and triple sixes were to be increasingly displayed . . . Mind control and meditation were to be taught. Colour therapy was to be emphasised. Music therapy and holistic health were additional items to be added to the eclectic diet for a 'New Age'," (aangehaal deur Livesey, 1988:146). Al hierdie dinge is in ons tyd ter sake. Daarom merk Burger (1987:4) tereg op: "Haar werk het tot in die verstommendste besonderheid opdrag gegee vir die totstandkoming van die Nuwe Wêreldorde."

In 1922 het mevrou Bailey die Lucifer Publishing Company gestig met die doel om veral haar werke te publiseer. 'n Jaar later is die naam gekamoufler na Lucis Publishing Company. (Terloops: in ons land versprei Lucis Press leesstof oor die 'New Age' in Afrikaans, Engels, Sotho, Shangaan, Tswana, Xhosa en Zoeloe.)

3. DIE BOODSKAP

Iets van die leer van die 'New Age' begin reeds deurskemer uit wat hierbo uiteengesit is. Uit die paar aanhalings uit die geskryfte van Holmes, gevolg deur die oorsig oor die teosofie, begin dit duidelik word dat die 'New Age' wesentlik maar die opvatting van die teosofie voortsit. Om 'n sistematiese samevatting daarvan te gee, is nie so maklik nie. Hier volg egter 'n paar kardinale gedagtes wat telkens in hulle geskryfte na

vore kom. Dit word dikwels by wyse van aanhalings gegee, sodat die voorstanders van die nuwe era met die leser self kan kommunikeer.

3.1 Die 'New Age' wil 'n *omvattende lewens- en wêreldbeskouing* wees. Dit impliseer dat bestaande waardes, beginsels en denkwyses oorboord gegooi en met nuwes vervang moet word.

Die nuwe denkwyses – wat in werklikheid derduisende jare oud is – word meesal in populêre verpakking as 'n soort voorwetenskaplike lewensbeskouing deur films en romans gepropageer. 'n Mooi voorbeeld vind ons in die latere boeke van die bekende aktrise, Shirley MacLaine (van *Irma la douce*-faam). In 1983 het sy 'n soort 'outobiografie' geskryf wat oor die ontdekking van haar eie identiteit handel. Die boek was 'n jaar later een van die grootste blitsverkopers op die Amerikaanse mark. Selfs 'n reeks televisiefilms is na aanleiding daarvan gemaak. Hier volg enkele grepe uit die boek.

Sy gesels met haar Joodse vriendin, Bella, en sê:

Well, frankly Bella, to me, being certain about the actual existence of the soul, I mean as a reality, has made all the difference. It's not something I came to easily. But that's where I am now, so I believe that everyone has, or rather is, a soul, of divine origin, and one that has lived many times before and will live again (1983:364).

Hier het sy dus al by antwoorde uitgekom. In die eerste hoofstuk gee die skryfster 'n tipering van die boek en die tipe vrae wat probeer beantwoord word:

And what was the real me? What was it that made me question and search and think and feel? Was it just the physical brain, the little grey cells, or was it the mind which was something more than brain? Did 'mind', or perhaps 'personality', include what people called the 'soul'? . . .

That is what this book is about . . . it's about the experience of getting in touch with myself when I was in my early forties; it's about what the experience did to my mind, to my forbearance, to my spirit, and for my patience and belief. It's about the connection between mind, body, and spirit. And what I learned as a result has enabled me to get on with the rest of my life as an almost transformed human being (1983:5).

Ook in *wetenskaplike werke* word die nuwe gedagtes versprei. Weer eens word slegs 'n enkele voorbeeld gegee.

In 1975 verskyn *The Tao of Physics* van Fritjof Capra. Vier jaar later het hierdie werk reeds 'n herdruk beleef. In die inleiding stel die skrywer duidelik wat die doel van die boek is:

This book is intended for the general reader with an interest in Eastern mysticism who need not necessarily know anything about physics. I have tried to present the main concepts and theories of modern physics without any mathematics and in non-technical language. I also hope to find among my readers many physicists with an interest in the philosophical aspects of physics, who have as yet not come in contact with the religious philosophies of the East. They will find that Eastern mysticism provides a consistent and beautiful philosophical framework which can accommodate our most advanced theories of the physical world (1979:10-11).

3.2 Die lewens- en wêreldbeskouing van die 'New Age' het 'n uitgesproke religieuse onderbou. Dit is inderdaad 'n *godsdiens* in eie reg. Hieroor

sê Constance Cumbey (1986:40) die volgende: “Make no mistake about it! The New Age Movement is a religion complete with its own Bibles, prayers and mantras, born-again experiences (they call it ‘rebirthing’), spiritual laws and commandments, psychics and ‘prophets’ and nearly every other indicia of a religion.” Een van hulle doelstellings is om die Bybel met *The Aquarian Gospel of Jesus the Christ* te vervang (Burger, 1987:8). Die volgende gebed is wêreldwyd – ook in die *Reader’s Digest* – deur die Lucis Trust bekend gestel:

THE GREAT INVOCATION

From the point of light within the mind of God
Let light stream forth into the minds of men.

Let Light descend on earth.

From the point of Love within the heart of God
Let love stream forth into the hearts of men.

May Christ return to earth.

From the centre where the Will of God is known
Let purpose guide the little wills of men –

The purpose which the Masters know and serve.

From the centre which we call the race of men

Let the Plan of Love and Light work out

And may it seal the door where evil dwells.

Let Light and Love and Power restore the Plan on Earth.

’n Mens sou veel kon sê oor hierdie ‘gebed’ waarin God, opmerklik genoeg, nie direk aangespreek word nie en waarin die versugting ewe goed uitgaan na die “mind of God” as na die “race of men”. Dit is daarom eerder ’n inkantasië, ’n mantra, as wat dit ’n gebed is. Let op hoe die ‘meesters’ hier figureer. Die ‘plan’ is natuurlik die ideaal van een wêreld met een regering en een godsdiens.

3.3 Die *Godsleer* van die ‘New Age’ het so gaandeweg al aan die lig gekom. Ons het hier die tipiese panteïsme van die Oosterse mistieke godsdiens. Luister hoe Shirley MacLaine (1983:189) dit in die dialoog van haar verhaal inweef:

“The mind is a reflection of the soul. The soul is a reflection of God. The soul and God are eternal and unto each other.”

“So you mean if I’m to understand what this God thing is, I must know myself?”

“Correct”, he said, “your soul is a metaphor for God.”

Hierdie ‘godsdiens’ ken en leer nie die *skepping* van die kosmos nie, maar wel die *emanasie* van God. Hierdie leer is ’n wesenlike bestanddeel van alle mistiek. Ons vind dit in die Boeddhisme, die Taoïsme, die Gnostiek, die neo-Platonisme, die Kabbala en tot by die protestantse mistici. William Law, wat John Wesley so diepgaande beïnvloed het, som die standaardargument – wat ook by Jacob Boehme voorkom (Spencer, 1963:271-272; Fox, 1983:176-177) – in sy *The Spirit of Prayer* bondig op: “The fiction of the creation out of nothing separates everything from God, for if it is created out of nothing, it cannot have something of God in it. Nature, so far from being out of nothing, is the manifestation of all that is God, which was before unmanifest.” (Aangehaal deur Spencer, 1963:276; vgl. ook Fox, 1983:180-181.)

3.4 Die verbasende innerlike gelykheid en konsistensie van alle mistieke denke kom nie net in die Godsleer nie, maar ook in die opvatting oor

wie Christus is, op 'n treffende manier na vore. Dit word duidelik as die onderstaande aanhalings met mekaar vergelyk word:

There is growing and developing belief that Christ is in us as He was in the Master Jesus, and this belief will alter world affairs and mankind's entire attitude to life (Alice Bailey, soos aangehaal deur Cumbey, 1986:164).

Christ me. Jesus not only knew the Christ in himself, he saw the Christ in everyone else. Jesus became what each of us is destined to be, a Christ, and he remains with us in spirit to show us the way to God and to the Christ of our inner being.

The Christ has taken many forms and has been known by different names, but that need not concern us here (Romney; aangehaal deur Cumbey, 1986:179).

William Law vertel aan sy lesers dat ons die Verlosser nie sal vind "in books, in controversies, in the Church, and in outward exercises" nie. "Seek for Him in thy heart, and thou wilt never seek in vain, for there He dwells, there is the seat of His Light and holy Spirit" (aangehaal deur Cox, 1983:182). Die verstand, wil en geheue kan alleen maar uitreik na God, want nie een hiervan is sy "woonplek" nie. Maar, sê Law, daar is 'n diepte in die siel, 'n oneindigheid van die siel, "the hidden pearl of eternity". Dit moet ons soek, want dit sal ons by God bring: "Awake, then, thou that sleepest, and Christ, who from all eternity has been espoused to thy soul, shall give thee light. Begin to search and dig in thine own field for this pearl of eternity that lies hidden in it . . ." So skryf Law in sy *The Spirit of Prayer* (vergeelyk Cox, 1983:182). In dieselfde werk verduidelik hy dit nog eens: As die begeerte na God in ons opkom en ons dit volg, "it will lead us to the birth of Jesus, not in a stable at Bethlehem in Judaea, but to the birth of Jesus in the dark centre of our own fallen soul" (aanhaling deur Spencer, 1963:285).

Spencer is derhalwe korrek as hy aan die einde van sy kort bespreking van Law – en met nog 'n aanhaling uit Law se werk – tot die konklusie kom: "But 'Christ' is a universal principle, 'the life and light and holiness of every creature that is holy'. And it is the uprising of that principle within us which is 'the birth of Christ' in our souls." (1963:287, my kursivering.)

4. KRITIESE OORSIG

Dit is duidelik dat die Bybelse leer hier ernstig in die gedrang kom. Die openbaring, Godsleer, twee nature van Christus, versoening deur voldoening en die antropologie – om maar enkele aspekte te noem – word radikaal anders opgevat. Die afwykings is so voor die hand liggend dat daarop nie verder ingegaan word nie.

Die 'New Age' kom na ons met mooi ideale en baie daarvan (byvoorbeeld vrede, natuurbewaring, stryd teen besoedeling) is op sigself nie verkeerd nie. Dit kos egter onderskeiding van die geeste om die verband waarin die mooi ideale vir ons aangebied word, te onderskei. Hierdie moderne 'godsdienste' kom ook met onskuldige en mooi name na ons toe. In Engelse gedaante lyk hulle so: "The age of Aquarius, Humanistic psychology, Network movement, New thought Religion, The new Church, The third wave, The third force, New consciousness, Transcendental movement, Human potential movement, The new spirituality, Secular humanism". Sielsorgers moet van hierdie terme kennis neem. Anders verstaan hulle nie altyd die 'taal' wat baie van die jeug praat nie.

Die 'New Age' is 'n massiewe en merkwaardige 'revival' van die monisties-mistieke godsdienste van die Ooste. Terselfdertyd is dit 'n massale poging om 'n liberale Christendom te sinkretiseer ten einde dit as 'n element in die toekomstige wêreldgodsdienste in te skakel. Hier is inderdaad demone, wat normaalweg agter die heidense godsdienste sit (1 Kor 10 : 20), aan die werk (Beyerhaus, 1989: 118, 124).

In Korea kan Christene in hulle kerkgeboue dwarsdeur die nag op hulle knieë bly om God te dank dat Hy hulle verlos het van die magte en van die vrees van die bygelooft. Daarenteen is die Weste, wat die goeie Woord van God en die kragte van die toekomstige wêreld gesmaak het (Heb 6 : 5), besig om in hierdie selfde heidendom terug te val. Die meeste Westerlinge word seker 'New Agers' met 'n slegte gewete en met die tong in die kies. En tog gebeur dit omdat hierdie bitter pil van heidendom, met sy bygeloof en vrees (die bygelowige wens dat daar geen gode was nie, sê Plutarchus) versuiker word met die aura van 'wetenskaplikheid' in die vorm van die evolusionisme, wat met hierdie Oosterse bygeloof geïntegreer word. Die sentrale mite van die evolusionisme beskik alleen oor die krag om die ander moderne Westerse mites geloofwaardig te maak (Hexham en Poewe, 1986: 39).

Ten slotte 'n aanhaling: "He . . . prostrates himself in strange attitudes, passes time in silent contemplation before the god, employs absurd addresses and barbarous invocations, and makes religion an expensive affair . . ." Is dit 'n tekening van die hedendaagse 'New Ager' wat deur middel van yoga-oefeninge met God wil saamsmelt en daartoe "The great invocation" opsê? Verkeerd! Ons is terug by waar ons begin het, 2 000 jaar gelede, by 'n filosoof wat die bygelowige van sy dag teken (*Contra superstitiones*, 166, soos aangehaal deur Angus, 1928: 8) – by Plutarchus!

BIBLIOGRAFIE

- Angus, S. 1928. *The Mystery-religions and Christianity*. London: John Murray.
- Anon. 1988. Die storie van die slapende siele (soos vertel aan die kinders van Orion). (Ongepubliseerde bylaag by brief en boek van Holmes.)
- Beyerhaus, P. 1989. Theologisches Verstehen nichtchristlicher Religionen. *Kerugma und Dogma*, 35(2): April.
- Burger, MG (sameset.). 1987. Die nuwe era of die Tydperk van die Waterdraer. S.I.: Die Basuin.
- Capra, F. 1979. *The Tao of physics*. 2e druk. London: Wildwood.
- Cooper, JW. 1987. Testing the spirit of the Age of Aquarius: The New Age Movement. *Calvin Theological Journal*, 22(2): 295-305 November.
- Cox, M. 1983. *Mysticism. The direct experience of God*. Wellingborough: The Aquarian Press.
- Cumbey, C. 1986. *The hidden dangers of the rainbow*. Pretoria: Bet-El.
- Happold, FC. 1984. *Mysticism*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Hexham, I en K. Poewe. 1986. *Understanding cults and new religions*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Holmes, A. 1988. *Vanweë die tyd*. Hogsback: Holmes.
- Kok, ABWM. 1956. Blavatsky. (*In: Christelike Encyclopedie* 1: 660-661.)
- _____. 1956. Besant. (*In: Christelike Encyclopedie* 1: 576-577.)
- _____. 1961. Theosofie. (*In: Christelike Encyclopedie* 6: 359-360.)
- Livesey, R. 1988. *More understanding alternative medicine*. Chichester: New Wine Press.

- Livesey, R. 1986. *Understanding the New Age*. Chichester: New Wine.
- Los, SÖ. 1940. *De Theosophie*. (In Buffinga, N (red.), *Op occult gebied*. 's-Gravenhage: Guido de Bres.)
- MacLaine, S. 1983. *Out on a limb*. London: Elm Tree.
- _____. 1985. *Dancing in the light*. Toronto: Bantam Books.
- Müller, G (red.). 1984. *Theologische Realenzyklopädie*, Bd. 13. Berlyn: De Gruyter.
- Odyssey, Okt./Nov. 1988.
- Pfeifer, S. 1988. *Healing at any price?* (English edition). Milton Keynes: Word.
- Scholem, G. 1978. *On the Kabbalah and its symbolism*. 7e druk. New York: Schocken Books.
- Shook, GA. 1970. *Mysticism, science and revelation*. London: G Ronald.
- Spencer, S. 1963. *Mysticism in world religion*. Penguin Books.